

KERK OP DIE WIT HOOGLANDE

(Geskiedenis van die Gereformeerde Kerke Eldoret en Skeurvallei)

deur

Prof. dr. V.E. d'Assonville



Uitgegee deur:

MARNIX

Posbus 20252 Potchefstroom 2522

Tel. 4823

1984

ISBN 0 620 07857

WOORD VOORAF

Dit was 'n ideaal om self te gaan kyk waar hierdie mense uit "Die Suid" gedurende die eerste helfte van hierdie eeu geleef en gewerk het. Ek sou so graag self met 'n skip langs die ooskus wou vaar tot by Mombasa. Ek sou duur wou betaal om met die trein die hoogtes van Kenia in te reis. Ek sou so graag die stasies Tsavo en Voi, Londiani en Nakuru wou sien. Oor die vertes en wydtes sou ek van die hoog-tes af wou tuur en voortdurend die geskiedenis van ons mense beleef. Ook sou ek Kilimanjaro met sy sneeutop wou sien asook die berge Elgon en Kenia. Die Verbrandebos en die Uasin Gishu sou ek met my eie oë wou fynkam.

Maar sover was hierdie ideaal nie vervul nie. Omstandighede het so ontsettend verander. Wie weet, miskien sal die Vader dit nog gee . . . ?

Op 'n ander manier moes die reis toe onderneem word: langs die trekpad van die argief en ou dokumente — 'n moeisame pad. Die spore van daardie eertydse pioniers moes dikwels vir dae aaneen gevolg word. Soms het hierdie spore sommer skielik soos op woestynsand verdwyn . . . om later sommer onverwags weer te verskyn.

Dit is ook onmoontlik om alles neer te skryf — dan sou dit 'n paar boeke beslaan. Met hierdie boek is daar tog iets, 'n klein beskrywing vir die nageslagte wat kan dien as 'n herinnering aan die kerk van hulle vroom vaders en moeders. En ook ons ander mag hierdie pioniers in Midde-Afrika nie vergeet nie!

Voortdurend was ek ook beetgepak met 'n persoonlike piëteit vir my swaer wyle ds. A.L. Aucamp, die eerste vaste predikant van die Gereformeerde Kerk Eldoret. Dit was juis hy wat hierdie geskiedenis wou te boek stel, maar toe hy nog in sy vyftigerjare was, is hy deur die dood wegge neem.

Aan sy dierbare vrou en kinders wat al sy gegewens aan my beskikbaar gestel het, sal ek altyd dankbaar bly en dit is ook my wens dat juis hulle en ook die huisgesinne van die ander predikante van Kenia hierdie boek sal aanvaar as 'n "gedenkboek".

Ook aan ander oud-Keniane wat op een of ander manier gegewens beskikbaar gestel het, bring ek my innige dank.

Oorspronklik is hierdie geskiedenis onder 'n skuilnaam Viedas vir Die

Kerkblad geskryf. Daarna het ons dit verwerk en ook veranderings is aangebring.
Ten slotte: hierdie boek word opgedra aan al die pioniers met hulle kinders en nageslagte wat op hulle manier onder die hand van God die christelike beskawing na die Uasin Gishu en ander gewestes in Kenia ingedra het!

V.E. d'Assonville
Potchefstroom
Julie 1984

INHOUD

| | |
|--|-----|
| 1. Die laaste dag | 1 |
| 2. Afrikaners se laaste ossewatrek | 4 |
| 3. Die "Groot Trek" na Kenia | 9 |
| 4. Pioniers roep na die kerk | 13 |
| 5. Die gemeente word gestig | 17 |
| 6. Bitter teleurstellings | 22 |
| 7. Die ongelooflike Du Toit-trek | 26 |
| 8. Dominee speel wegkruipertjie | 29 |
| 9. Die Eerste Wêreldoorlog | 33 |
| 10. Die "Karapara" — skip van vreugde | 36 |
| 11. Middernag met 'n lantern langs die pad | 40 |
| 12. Herderloosheid en treurige berigte | 43 |
| 13. Verstrooides in die oerwoude van Zaire | 47 |
| 14. 'n Eerste predikant | 52 |
| 15. Die predikant-pionier | 57 |
| 16. Heimweë na wonderlike tye | 62 |
| 17. Eensaamheid en oorlog | 67 |
| 18. Van Potchefstroom na Eldoret per motor | 73 |
| 19. Onder bedreiging van die Mau-Mau | 78 |
| 20. Die vlam brand steeds sterk | 83 |
| 21. So onthou ons hulle | 89 |
| 22. Dit loop af, maar bediening gaan deur | 95 |
| 23. Totsiens en vaarwel | 99 |
| 24. Doopregister Eldoret | 103 |
| 25. Doopregister Skeurvallei | 127 |